**SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

**NO. 338** **22 MAART 2016**

**VASSTELLING INGEVOLGE PARAGRAAF 9(2) VAN DIE VIERDE BYLAE BY DIE INKOMSTEBELASTINGWET, 1962 (WET NO. 58 VAN 1962), VAN ’N DATUM WAAROP DIE NUWE WERKNEMERSBELASTING-AFTREKKINGSTABELLE VOORGESKRYF INGEVOLGE PARAGRAAF 9(1) VAN DIE VIERDE BYLAE BY DIE INKOMSTEBELASTINGWET, 1962, IN WERKING TREE**

1. Ingevolge paragraaf 9(2) van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), word hierby bekend gemaak dat nuwe aftrekkingstabelle soos ingevolge paragraaf 9(1) van die Vierde Bylae by daardie Wet voorgeskryf word, op 1 Maart 2016 in werking tree.

2. Alle vorige aftrekkingstabelle ingevolge paragraaf 9(1) van die Vierde Bylae voorgeskryf, word hierby met ingang van 1 Maart 2016 teruggetrek.

3. Die nuwe aftrekkingstabelle staan bekend as die “Weekly, Fortnightly, Monthly, Annual and Other Employment Tax Deduction Tables with an effective date 2016.03.01” en sal tot verdere kennisgewing van krag bly.

4. Die “Weekly, Fortnightly, Monthly, Annual and Other Employment Tax Deduction Tables with an effective date 2016.03.01”, is op die SAID webwerf (www.sars.gov.za) beskikbaar en word as aanhangsels tot die “PAYE-GEN-01-G01 – Guide for Employers in Respect of Tax Deduction Tables – External Guide” gepubliseer.

**T S MOYANE**

**KOMMISSARIS: SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**